The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD **2012/01/27** **Page: 12**

AVE: R 4709.75

Erwe vir R400: Rekeninge bevries

Plakkers met luukse karre 'koop' grond

Hilda Fourie

Die burgerregte-waghond AfriForum het 'n interdik in die hooggeregshof in Pretoria bekom vir die bevriesing van twee bankrekeninge waarin plakkers glo geld vir erwe by Wallmansthal, noord van Pretoria, betaal het.

Mnr. Cornelius Jansen van Rensburg, hoof van gemeenskapsake by AfriForum, het gesê hulle het dié stap gedoen nadat dit aan die lig gekom het dat 'n oud-polisiekaptein, mnr. Richard Makhene, agter die onwettige besetting van die grond sit.

Makhene was in 2008 in die nuus toe korrupsie by die Hammanskraal-polisiekantoor oopgevlek is. Die aktualiteitsprogram *Carte Blanche* het destyds onthul hoe Makhene op inwoners en motoriste in dié omgewing toegeslaan en omkoopgeld geëis het.

Die grond wat nou onwettig verkoop word, is aan die Wallmannsthal Communal Property Association (WCPA) gegee nadat die regering dit in 1968 van hulle weggevat het.

Hoewel die grond aan die WCPA behoort, verkoop Makhene en sy trawante dit glo sonder die WCPA se toestemming teen R400 per erf.

Volgens Jansen van Rensburg is die plakkers versoek om die geld in twee bankrekeninge, onderskeidelik by Eerste Nasionale Bank (ENB) en Standard Bank, in te betaal. Die rekening by ENB behoort aan Makhene.

Derduisende plakkers, van wie baie in luukse voertuie ry, stroom die afgelope twee weke na die stuk grond, wat langs Ludwig's Roses geleë in.

Mnr. Willie Spies, regsverteenwoordiger van AfriForum, het gesê dit lyk of die meeste van die huidige besetters eerder spekulante in 'n onwettige geldmaakskema is as huissoekers.

Juis omdat AfriForum vermoed dit is 'n geldmaakskema, het hulle hul op die bankrekeninge toegespits.

Die departement van landelike ontwikkeling en grondsake het al hofbevele teen die onwettige plakkers gekry. Jansen van Rensburg het lt.genl. Mzwandile Petros, Gautengse polisiehoof, gevra om toe te sien dat die polisie dié hofbevele uitvoer.